



PRIVAATSKOOL ELNATAN

— PROSPEKTUS 2027 —
Meer as net 'n skool.



Akademiese
uitnemendheid



Christelike
waardes



Veilige
koshuise



Karakter-
vorming



Sport &
kultuur



Persoonlike
aandag



Geen
slimfone



Leierskap-
ontwikkeling

INHOUDSOPGAWE

UIT DIE HOOF SE KANTOOR	3
HISTORIESE AGTERGROND	4
ONS WAARDES	5
TOELATINGS	7
AKADEMIE	
1. KLEUTERSKOOL	10
2. JUNIOR PRIMÊR	12
3. SENIOR PRIMÊR	13
4. JUNIOR SEKONDÊR	14
5. SENIOR SEKONDÊR	15
LEERDER ONDERSTEUNING	17
PRYSUITDELINGS	18
HANDBOEKE EN SKRYFBOEKE	18
SPORT	
1. RUGBY	19
2. NETBAL	20
3. HOKKIE	20
4. ATLETIEK	21
5. SKAAK	21
6. BOOGSKIET	22
7. KRIEKET	23
9. JUKSKEI	23
10. PRIVAAT AFRIGTING	24
KULTUUR	
1. IDIOMESTRYD	25
2. ATKV REDENAARS	25
3. TIENERTONEEL	25
4. EISTEDDFOD	26
5. SKOOLKONSERT	26
6. NAPSO KULTUURFEES	26
7. MNR EN MEJ ELNATAN	26
8. SKOLE REDAKSIE SPAN	26
9. WEEKLIKSE LOFPYRSING	26
LEIERSKAP	27
ALGEMENE INLIGTING	
1. VOORKOMS VAN LEERLINGE	28
2. OUERBETROKKENDHEID	28
3. NUTSDIENSTE	29
4. ALUMNI PRESTEER	30

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers/Voogde

Baie dankie vir u navraag in verband met die moontlike toelating van u kind tot Privaatskool Elnatan.

Waarom Elnatan?

In ons unieke plattelandse omgewing verwelkom Elnatan elke leerder met ope arms. 'n Christelike waardesisteem vorm die kern van ons gemeenskap wat weerspieël word in ons dag-tot-dag lewe.

Elnatan bied 'n volledige kurrikulum in Afrikaans aan, wat leerders die geleentheid gee om hul taalvaardighede te ontwikkel en hul identiteit te versterk. Die onderwysers is passievol en toegewyd aan die oordrag van kennis en inspirasie in ons moedertaal.

Akademie uitnemendheid is ons bron van trots. Die inklusiewe kurrikulum stel leerders in staat om hul volle potensiaal te bereik. Die indrukwekkende matriekslaagsyfer van 100% oor die afgelope 15 jaar en matriekslasie vrystelling van 85%, getuig van kwaliteitsonderrig.

Verder bied ons fasekoshuise aan leerders 'n huislike atmosfeer, waar vriendskappe gesmee en selfstandigheid gekweek word. Gekontroleerde selfoontye en internettoegang verseker dat leerders 'n gebalanseerde leefstyl handhaaf.

Elke leerder word as 'n unieke individu beskou, daarom moedig ons deelname aan sport, kuns, en kultuur aan, want dit vorm 'n integrale deel van die leerder se volledige opvoeding.

Elnatan se uitgebreide busdiens verbind ons skool met omliggende dorpe en stede sodat leerders veilig en gemaklik kan reis.

Kom ontdek die wonder van Privaatskool Elnatan, waar elke kind 'n avontuur van kennis, karakter, en vriendskap beleef!

ELNATAN, waar kinders nog kind kan wees.

Johan Adriaanse



HISTORIESE AGTERGROND

Privaatskool Elnatan – 'n Droom wat werklikheid geword het

Wat eens begin het as die droom van 'n groep ouers om 'n opvoedkundige instelling te vestig waar hul kinders en toekomstige geslagte gehalte-onderrig in 'n veilige, toeganklike en waardegedrewe omgewing kon ontvang, het in 1991 'n werklikheid geword. Die visie was om 'n skool te skep waar Afrikaans as onderrigtaal, kulturele identiteit en Christelike waardes gekoester en uitgeleef kon word.

Hierdie droom is gebou op toegewyde beplanning, harde werk, opoffering, deursettingsvermoë en 'n diepgewortelde geloof in die toekoms.

Op 1 Mei 1991 is die eerste stigtersvergadering gehou, waartydens 'n direksie en verskeie komitees saamgestel is. Kort daarna het bouwerk aan die skoolgeboue, koshuise en personeelwonings begin.

Die geskiedenis van Elnatan is ook verweef met verhale van besondere toewyding en opoffering. Frikkie Strauss, een van die stigterslede, het in 1991 na Suid-Afrika gereis om meubels en kombuistoerusting vir die koshuise aan te koop. Op die terugreis het hy en sy vrou, Hessie, tragies in 'n ongeluk omgekom. Hulle heengaan was 'n groot verlies vir die gemeenskap en almal wat by die verwesenliking van die skool se visie betrokke was.

Ter erkenning van hul waardevolle bydrae en ter nagedagtenis aan hul nalatenskap is twee van die koshuise onderskeidelik Huis Frikkie en Huis Hessie genoem. Só leef hul herinnering voort as deel van Elnatan se besondere geskiedenis.

Op 21 Januarie 1992 is Privaatskool Elnatan amptelik in die Artesiasaal geopen. Hierdie geskiedkundige eerste skooldag het die begin gemerk van 'n opvoedkundige instelling wat gegrond is op Christelike waardes, met Afrikaans as onderrigtaal en 'n sterk verbintenis tot akademiese uitnemendheid, karaktervorming en die ontwikkeling van elke leerder se unieke potensiaal.

Sedertdien het Elnatan ontwikkel tot 'n gevestigde onderwysinstelling wat leerders vanaf graad RR tot graad 12 begelei. Die skool beskik vandag oor vier koshuise met moderne geriewe, waaronder Wi-Fi en ontspanningsareas wat 'n aangename leefomgewing skep en gesonde sosiale interaksie bevorder.

Omring deur statige palmbome, staan Elnatan vandag as 'n lowergroen oase in die hartjie van die Namibiese landskap. Die skool bly trots op sy geskiedenis en die visie van sy stigters, terwyl dit met verantwoordelikheid en toewyding voortbou aan 'n toekoms waarin elke leerder die geleentheid kry om te groei, te ontwikkel en sy of haar volle potensiaal te bereik.

Stewig gewortel in sy oorsprong, geanker in Christelike waardes en gerig op die toekoms, bly Privaatskool Elnatan 'n lewende getuigenis van geloof, gemeenskap, volharding en die vertroue dat God voorsien.

ONS WAARDES

VISIE

Privaatskool Elnatan verskaf, in samewerking met die ouerhuis, 'n **bekostigbare Christelike opvoeding van uitnemende gehalte** in hoofsaaklik Afrikaans aan die jeug. Die gebruikmaking van bekostigbare onderwys hulpbronne lei tot die volle ontwikkeling van sy/haar potensiaal tot eer van God en tot voordeel van sy/haar naaste.

MISSIE

Die skool sal deurentyd alles in sy vermoë doen om 'n klimaat en omgewing te skep waarin leerlinge **onderrig volgens Christelike waardes en norme** kan ontvang. Die skool aanvaar **die HEILIGE SKRIF** as die enigste en ware riglyn vir 'n mens se lewe.

Die skool sal altyd poog om **die bes opgeleide en toegewyde personeel** en ook ander deskundiges te bekom om hierdie doelwit te bereik.

Die skool beywer hom in samewerking met ander skole, persone, instansies, kerke en die regering in sy strewe na die verkryging van wetenskaplike toerusting, kundigheid, sosialisering en fondse tot die algehele vorming van sy leerlinge.

Die skool streef daarna om **hoëvlak mannekrag** te lewer, toegerus met die nodige kennis, denke, vaardighede en houdings om in die eise van tyd en die land te voorsien.

Die skool wil ook **toepaslik diensbaar** wees in sy onmiddellike omgewing en streek, die breër gemeenskap en in die besonder, aan sy ondersteuners en geesgenote.

SKOOLWAPEN

Die Palmbome beeld waaksaamheid en trots uit. Soos die ry in die verte instrek, word **die toekomst** ingekyk en nog talle leerlinge gesien wat in die jare wat kom deur dié instelling akademies en sosiaal gevorm gaan word.

Die sirkel omsluit al die ideale en doelstellings en simboliseer **volmaaktheid en eenheid**.

Die **sterk oranje kleur** wat die leuse dra, dui op **durf, moed en gesonde balans**.

Die **blou**, soos die wydte van die hemelruim, wys op die **hoopvolle vergesigte vir ontwikkeling**.

Die **wit**, versinnebeeld **suiwering en reinheid**.

Die **leuse**, **"God Voorsien"**, is die inhoudsbetekenis van die skool se naam.



SKOOLIED

Aan palmoewers van die Auob
het ons trotse skool verrys,
ankervas in die Hemelvader
werk ons onder Suiderkruis,
leer ons vreugde van kennissoeke
is gesond, gelukkig, tuis.

Elnatan, God voorsien,
krag kom van Hom om land en volk te dien
Elnatan, God voorsien,
krag kom van Hom om land en volk te dien.

EREKODE

Dit is my strewe om my skool te lei en dien deur
my voorbeeld en in die krag van die Here.

Ek strewe daarna om bedagsaam en
hulpvaardig teenoor my meerderes te wees,
vriendelik en hoflik teenoor almal, gesag met
liefde te beoefen en my te weerhou van kleinlike
en kwetsende optrede.

Sodoende poog ek om 'n gesonde en
opbouende gees rondom my te skep.

Ek strewe na betroubaarheid, eerlikheid en
opregtheid in woord en daad.

Ek strewe na selfbeheersing en om leierskap
deur toegewyde diens aan my skool te lewer.

Ek onderneem om geen daad te verrig wat die
beeld en naam van my skool skaad nie.

Ek is bereid om tereggewys te word indien ek
oortree, want die naam, tradisie en eer van my
geliefde skool wil ek ten alle tye hoog hou.

MODUS OPERANDI



Eerlikheid



Lojaliteit




Liefde



Integriteit



Empatie



Selfdisipline

ELLIES!

TOELATINGS

AANSOEK OM TOELATING

Baie dankie dat u ons vertrou om saam aan u kind se potensiaal te bou.

GAAN ASSEBLIEF NOUKEURIG DEUR DIE VOLGENDE INLIGTING



Die Prospektus



Besoek die skool se webtuiste
**privaatskool-
elnatan.com**



Besoek ons Facebook-blad
**Privaatskool
Elnatan**



Woon die opedag by



Bestudeer die ere-
en gedragskode
beskikbaar op die
webtuiste om seker
te maak u kind en
die skool se
waardes stem
ooreen.

DIE VOLGENDE MOET VOLLEDIG VOLTOOI EN ONDERTEKEN WORD

- Aansoekvorms om toelatings tot die skool;
- Vakkeusevorm indien u kind in Senior Sekondêre fase is;
- 'n Getekende onderneming ten opsigte van gedragskode;
- Indien daar vir koshuisverblyf aansoek gedoen word, dien ook die toelatingsvorm in.

AANSOEKVORMS KAN HIER GEVIND WORD

- www.privaatskool-elnatan.com
- Tydens die opedag by die administrasie-tafel.
- By die skool se ontvangs.

OPEDAG

Privaatskool Elnatan hou jaarliks 'n opedag waar ons met ons pragtige skool spog. Tydens die opedag bied ons 'n visuele belewenis vir alle voornemende Ellies en hul ouers. Dit belooft om 'n ongelooflike ervaring te wees. Hou die kalender dop om uit te vind wanneer dit plaasvind.



BELEID EN TOELATINGSVEREISTES

INLEIDING

Die direksie van die skool, as verteenwoordiger van die skoolgemeenskap, sal voortaan die toelatingsbeleid van die skool bepaal. Hierdie beleid en vereistes kan van tyd tot tyd, volgens hulle diskresie, deur die direksie gewysig word. Die volledige skoolbeleid is vir insae beskikbaar by die skoolhoof. Die prospektus is slegs 'n samevatting van die veel langer en vollediger skoolbeleid.

Die beleid is gegrond op die skool se tradisie en doelstellings. Dit verskaf riglyne waarvolgens die skoolhoof in die praktyk sal optree wanneer besluit moet word oor die toelating van leerders.

DOELSTELLINGS

- Om leerders se verstandelike ontwikkeling te bevorder deur hulle met gesonde studiemetodes, navorsingsvaardighede, logiese denke, probleemoplossing en kritiese selfevaluering vertrou te maak.
- Om leerders se fisiese ontwikkeling te stimuleer deur middel van sport, ontspanning, liggaamlike opvoeding en 'n gesonde lewenstyl.
- Om leerders se emosionele ontwikkeling te bevorder deur die aanleer van aanvaarbare karakter- en persoonlikheidseienskappe soos selfbeheersing, selfdissipline en sensitiwiteit vir ander se gevoelens.
- Om leerders tot goeie landsburgers op te voed deur eerbied vir die nasionale simbole, respek vir gesag, reëls en wette en 'n verantwoordelike benadering tot burgerlike verantwoordelikhede, stemreg en die regeringstelsel aan te kweek.
- Om leerders tot selfstandigheid en volwassenheid op te voed deur leiding rakende korrekte sosiale gedragspatrone, kommunikasievaardighede, goeie menseverhoudings, selfkennis, oordeelsvermoë, 'n individuele waardestelsel, 'n normale en gesonde lewensbeskouing en positiewe karaktereienskappe, asook die waarde van gemeenskapsbetrokkenheid te gee.

TOELATING VAN LEERDERS

- Privaatskool Elnatan is geregistreer as 'n Afrikaansmediumskool. Die algemene kommunikasie vind dus in Afrikaans plaas en 'n goeie kennis van die taal word benodig.
- Ten einde die direksie in staat te stel om die fasiliteite vir die handhawing van 'n hoë standaard op alle terreine te verskaf, moet ouers onderneem om hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom.
- Toelating mag nie op grond van ras, spesiale onderwysbehoefte of geslag geweier word nie.
- By toelating mag 'n leerder nie meer as twee jaar ouer wees as die gemiddelde ouderdom van sy graad nie. Die skoolhoof mag volgens sy diskresie, in verdienstelike gevalle, hiervan afwyk. 'n Leerder mag nie toegelaat word na die einde van die jaar waarin hy/sy die ouderdom van 20 jaar bereik het nie.
- Ouers het ook 'n verpligting om te sorg dat hulle kinders gereeld skool bywoon en moet in die geval van afwesigheid die skoolhoof so gou as moontlik van die rede in kennis stel.

- Ouers moet skriftelik onderneem om hulle by die gedragkode van die skool neer te lê asook enige regmatige tug wat daaruit mag voortvloei.

KOSHUISTOELATING

Die skool beskik oor die volgende koshuise:

- Senior seunskoshuis – Huis Frikkie (Graad 7-12)
- Senior dogterskoshuis – Huis Hessie (Graad 7-12)
- Senior primêre koshuis – Huis Marie (Graad 4-6)
- Junior primêre koshuis – Huis Cora (Graad 1-3)

Alle koshuise is op die skoolterrein. Volledige prospektusse van die onderskeie koshuise is beskikbaar.



AKADEMIE

Ons is geweldig trots en dankbaar dat ons leerders op akademiese gebied presteer. Oudleerders behaal gereeld uitmuntende prestasies en word gereeld bekroon met verskillende akademiese pryse wat 'n bewys is van die fondament wat in elke vakgebied gelê word. Hierdie prestasies kan toegeskryf word aan gedissiplineerde leerders wat onder die toesig van gemotiveerde en toegewyde personeel werk.

Die personeel se betrokkenheid by die merk en opstel van nasionale en internasionale vraestelle, gee hul meer kundigheid in hulle veld, wat tot die leerders se voordeel strek.

Akademie is Privaatskool Elnatan se eerste prioriteit. Ons moedig harde werk en deursettingsvermoë aan en ons belofte is akademiese sukses binne elke leerder se bereik.

KLEUTERSKOOL

Twee kleuterskole vorm deel van Privaatskool Elnatan. 'n Kleuterskool in beide Mariental sowel as Stampriet. Die inhoud, kennis, vaardighede en waardes van die NIED- en KABV-kurrikulum word deur die jaar aan die kleuters oorgedra aan die hand van bepaalde temas.

Omdat hulle speel, leer kleuters flink en vrolik sonder om leerwerk as uitdagend te sien. Om die geheelontwikkeling van die kleuters te bewerkstellig, word daar daagliks op 'n gebalanseerde wyse verskeie aktiwiteite uit die onderstaande drie genoemde leerareas aangebied.

- Taalvaardigheid (Huistaal)
- Syfervaardigheid (Wiskunde)
- Lewensvaardighede (Fisiese-, Persoonlike-, Emosionele-, Kognitiewe- en Sosiale Ontwikkeling)

PEUTER- EN KLEUTERGROEP STAMPRIET

Op die platteland sal jy 'n veilige, stimulerende plek vind waar peuters en kleuters speel-speel hulle volle potensiaal bereik. Hier word deur musiek, dans, speel, gefokusde aktiwiteite en spel, geleer hoe om elke dag se geleenthede aan te gryp en sodoende vaardighede, selfvertroue en selfbeeld op te bou. Elke Palmpikkie blom waar hulle geplant is en groei saam met die palmbome op akademiese, geestelike en persoonlike vlakke. Dit alles net hier waar God voorsien! Ons neem kinders van twee tot en met vyf jaar.

GRAAD R

Palmpikkies te Stampriet en Mariental streef daarna om elke leerder holisties te ontwikkel ter voorbereiding van sy/haar lewensreis. Om daardie strewe te verwesenlik, word daar baie gekonsentreer op die fisiese, emosionele, sosiale asook kognitiewe ontwikkeling van elke leerder. Ons grootste missie is om 'n geborge omgewing vir elke leerder te skep waar hulle veilig sal voel om met beide hande te strek na hulle volle potensiaal. Graad R-kleuters word geakkommodeer in die jaar waarin jy 6 of 7 jaar oud word.

KLEUTERSKOOL MARIENTAL

In 'n veilige, natuurlike atmosfeer bied Palmpikkies Mariental vir elke kleuter die eerste tree na vlerke spreid uit die huis. Met 'n positiewe speel-leerbenadering word elke kleuter in totaliteit gevorm. Hier word elke kleuter uniek hanteer en kry elkeen die kans om selfvertroue, verbeelding, kreatiwiteit asook kommunikasie vaardighede en vele meer te ontwikkel. Ons neem kinders van twee tot en met vyf jaar.

SKOOLTYE KLEUTERSKOLE

GRAAD R PALMPIKKIES STAMPRIET	GRAAD R PALMPIKKIES MARIENTAL	GRAAD RR PALMPIKKIES STAMPRIET
Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 13:00 Vrydae: 07:30 tot 12:00	Maandag tot Vrydag: 07:30 tot 13:00 Na skool: 13:00 tot 17:00	Maandae en Vrydae: 07:30 tot 11:30



JUNIOR PRIMÊR – Graad 1 tot 3

Klanke, lees en spel vorm die basis van Graad 1-3. Hieruit spruit voort die etos, sport, kultuur en waardes van die skool. By Privaatskool Elnatan se Junior Primêr is akademiese standaard die ononderhandelbare fokuspunt waaruit ons ontwikkel en groei.

Graad 1-3 ontvang klasonderrig en volg die Namibiese leerplan met die KABV-kurrikulum as aanvulling.

Die leerareas sluit in:

- Afrikaans
- Engels
- Wiskunde
- Praktiese vaardighede (Kuns, LO, Robotika)
- Lewensvaardighede (Omgewingsleer en Bybel)

Elke klas beskik oor rekenaars. Leerders wat klaar is met hulle werk mag op die rekenaars in die klas ekstra oefeninge doen en selfs op verskillende CAMI opvoedkundige programme speel. Programme soos CAMI-Maths, -Read, -Perceptual en -Literacy is beskikbaar. Hierdie programme kan vir beide Afrikaans of Engels gestel word.



SENIOR PRIMÊR – Graad 4 tot 6


Die Senior Primêr staan bekend as die Geelskool. Die naam kom al vir legio jare saam en is afkomstig van die unieke geel klaskamers en geboue. Die fase bestaan uit vier klaskamers en 'n rekenaarlokaal vir die leerders.

Hierdie is 'n fase gevul met baie pret en opwinding. Leerders word in die Senior Primêre fase verwelkom en vir die hoërskool voorberei. Van plaas bou in die sand, resies hou en touspring, bly kind nog kind hier by ons. Onderwysers fokus daagliks daarop om leerders se karakters te vorm.

Die onderwysers is tot hoë gehalte-onderrig verbind. Elke leerder se vordering is van kardinale belang en leerlinge word aangemoedig om geleenthede aan te gryp en hulle volle potensiaal te bereik. 'n Gebalanseerde leefstyl wat kind-wees promoveer, word ondersteun met die doelwit om 'n liefde vir akademie te kweek.

Die volgende leerareas word by Senior Primêr aangebied en bestaan uit eksamenvakke en nie-eksamenvakke:

EKSAMENVAKKE	NIE-EKSAMENVAKKE
- Afrikaans Huistaal - Engels Addisionele Taal - Wiskunde - Natuurwetenskappe - Sosiale Wetenskappe	- Aktiewe Burgery - Kuns - Robotika - Bybel



JUNIOR SEKONDÊR – Graad 7 tot 9

In Graad 7-9 word die onderstaande leerareas onderrig. In grade 7 en 8 is daar geen keuse tussen die betrokke leerareas nie. In graad 9 is daar wel 'n keuse.


Graad 7 en 8	Graad 9
- Afrikaans Huistaal - Engels Addisionele Taal - Wiskunde - Natuurwetenskappe - Ekonomiese- en bestuurswetenskappe - Sosiale Wetenskappe - Aktiewe Burgery (Lewensoriëntering)	- Afrikaans Huistaal - Engels Addisionele Taal - Wiskunde - Natuurwetenskappe - Aktiewe Burgery (Lewensoriëntering) Keuse tussen: - Rekeningkunde of Sosiale Wetenskappe - Computer Studies of Gasvryheidstudies of Gevorderde Wiskunde

Gedurende die derde termyn word daar met alle Graad 8-leerders 'n beroepstoets gedoen. Die opvoedkundige sielkundige gee dan individuele terugvoer aan elke leerder om sodoende die regte vakkeuses in Graad 9 en 10 te maak.

Die vakkeuse van leerders in Graad 10, met die oog op die Internasionale Sekondêre Sertifikaateksamen, moet met groot omsigtigheid benader word. Met inagneming van die aanleg, vermoë en vorige prestasie van die leerder, word sekere aanbevelings gemaak rakende die vakke wat geneem kan word. Die finale vakkeuse moet deur die ouers bevestig word.

Sekere vakke kan slegs onder sekere voorwaardes geneem word, bv. indien 'n leerder Fisiese Wetenskappe of Rekeningkunde neem, moet hy/sy ook Wiskunde en nie Kwalitatiewe Beredenering neem nie.

Daar word ook in die derde termyn 'n spesiale vakkeuse-inligtingssessie gehou waarheen alle ouers en leerders van Graad 7-9 uitgenooi word.



SENIOR SEKONDÊR – Graad 10 tot 12

Privaatskool Elnatan berei Graad 10-12 leerders voor vir die IEB-Internasionale Sekondêre Sertifikaat-eksamen.

Wat maak die IEB-ISS uniek?	Wat is die noemenswaardige kenmerke van die IEB-ISS?	Waarom die besluit op die aanbod van die IEB-ISS?
Die IEB-ISS is 'n kwalifikasie wat in Afrika ontwikkel is en aangebied word deur onderwysers wat hier werksaam is.	Die kwalifikasie is daarop gerig om studente vir die lewe voor te berei. Daar is 'n mandjie van vaardighede, genaamd Wêreldwye Vaardighede vir Lewenslange Leer , wat studente kan neem oor die twee of drie jaar waarin hulle voorberei vir hul finale ISS-vakspesifieke eksamens.	Die IEB-ISS is 'n bekostigbare, hoë standaard, internasionale kwalifikasie vir studente by onafhanklike skole buite Suid-Afrika wat die monopolie kan uitdaag wat tans deur internasionale kwalifikasies van buite die vasteland besit word.

VAKKEUSE

Die onderstaande tabel toon die verpligte- en keusevakke

VERPLIGTE VAKKE	KEUSE VAKKE		
	GROEP 1	GROEP 2	GROEP 3
- Afrikaanse Primêre Taal - English Additional Language - Aktiewe Burgery - Wiskunde of Kwantitatiewe Beredenering	- Rekeningkunde - Aardrykskunde - Landboubestuurspraktyke	- Fisiese Wetenskappe - Gasvryheidstudies - Computer Studies	- Biologie - Toerisme - Ingenieursgrafika & Tegnologie

ADDISIONELE VAKKE

Indien 'n leerder 'n addisionele vak neem wat nie deel van die skool se vakkeuses is nie, bly dit die leerling se verantwoordelikheid om alle materiaal by die instansie waar die leerling ingeskryf is, te kry. Die skool kan as eksamensentrum geregistreer word indien dit aan die nodige vereistes van die betrokke instansie voldoen. Alle kostes sal van die leerling verhaal word vir die registrasieproses en toesig tydens assesserings.

EKSTERNE MEETINSTRUMENTE

Leerders word blootgestel aan eksterne eksamens ter voorbereiding vir hul eindeksamen. In Graad 9 word die VGE van die IEB vir Afrikaans en Wiskunde geskryf asook die leBT vir Graad 11 Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.

SLAAGVEREISTES

'n Leerder sal nie 'n vak slaag indien hy/sy nie die minimum vereiste vaardighede bemeester het nie en nie na die volgende graad bevorder word as hy/sy nie aan die minimum vereistes vir bevordering, soos hieronder beskryf, voldoen nie.

'n Leerder moet bevorder word indien hy/sy die volgende behaal:

- 40% of beter in Afrikaans;
- 40% of beter in 3 addisionele vakke (Aktiewe Burgery uitgesluit) en
- 30% of beter in 2 addisionele vakke.

MATRIEKUITSLAE

Goeie matriekuitslae lê 'n deurslaggewende grondslag vir toekomstige geleenthede. Dit maak deure oop na tersiêre instansies, wat loopbaanvooruitsigte vorm. Sterk akademiese prestasies weerspieël toewyding, dissipline en aanleg wat 'n beroep op potensiële werkgevers maak. Uiteindelik bemagtig goeie uitslae individue om belowende studie- en werkgeleenthede te verseker.

Elnatan spog die afgelope 15 jaar met 'n 100% slaagsyfer en toelating tot graadstudies vir meer as 85% van die leerders.




LEERDERONDERSTEUNING

AKADEMIESE INTERVENSIË/ONDERSTEUNING

Die volgende aspekte is van belang:

- Die vroeë identifisering van leerhindernisse deur opvoeders, ouers en/of die leerderondersteuner.
- Verwysing na die aangewese persone wat ondersteuning kan bied met die spesifieke hindernis tot leer.
- Leerderondersteuning in die vorm van studiehulp, remediërende onderrig, assesserings-akkommodasies en 'n ondersteuningplan wat alle rolspelers betrek.
- Hulp met vakkeuses en vakveranderings met die oog op verdere studies en beroepsmoontlikhede.
- Die blootstelling van leerders aan verskillende tersiêre instansies, studie en beroepsmoontlikhede deur middel van inligting en praatjies deur verskeie instansies sowel as loopbaanuitstallings.



EKSAMENS

- Graad 1-3 word progressief geassesseer en skryf geen eksamens nie.
- Graad 4-11 lê in Junie 'n halfjaareksamen en in November 'n jaareindeksamen af.
- Graad 12 lê in Junie 'n halfjaareksamen, in September 'n voorbereidingseksamen en in Oktober en November 'n eksterne eindeksamen af.



PRYSUITDELINGS

Daar vind jaarliks twee prysuitdelings plaas. Die Sport-, Kultuur- en Graad 12-akademiese prysuitdeling word in die eerste week van Oktober gehou, terwyl die Graad 1–11-akademiese prysuitdeling met die skoolsluiting in November plaasvind. Tydens hierdie geleentheid ontvang leerders erkenning vir hul prestasies gedurende die jaar.



HANDBOEKE EN SKRYFBOEKE

Die meeste handboeke word aan leerders beskikbaar gestel. Handboeke wat verlore raak, moet deur die ouer vervang word. Indien die leerder aantekeninge in die handboek maak, sal die ouers 'n rekening daarvoor ontvang aangesien die boeke nie weer gebruik kan word nie.

Handboeke word kwartaalliks nagegaan om die toestand van die boeke te kontroleer. Handboeke word aan die einde van die skooljaar ingeneem en gestoor wanneer die leerder sy finale vraestel in 'n vak geskryf het.

'n Skryfbehoefte lys vir elke afdeling word aan die ouers voorsien wat alle nodige skryfboeke en skryfbehoeftes vir die spesifieke graad en vak omskryf. Ouers koop hierdie benodighede self by die leweransiers van hul keuse aan.

SPORT

By Privaatskool Elnatan is daar 'n gesonde balans tussen akademie, sport en kultuur. Leerders word aangemoedig om aan minstens een somer- en een wintersportsoort of 'n kultuuraktiwiteit deel te neem. Leerders wat aktief aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, ervaar hul skoollewe as verrykend. Dit dra by tot hul fisieke en geestelike ontwikkeling.



RUGBY

Ons skool handhaaf 'n hoë standaard in rugby en spog met verskeie Namibiese nasionale spelers. Ons afrigters beskik oor toepaslike kwalifikasies, waaronder Wêreldrugby-afrigtingsvlak 2, sewesrugby-afrigtingsvlak 1 en kondisioneringsvlak 1.

Ons streef daarna om jaarliks in Mei 'n toer vir die o.13 en die eerstespanne reël. Spanne neem aan die NAPSO 7's en onderskeie nasionale ligas in die 2^{de} termyn deel.

Ellies-rugby is trots op prestasie en erken uitnemendheid. Wen *ten-alles-koste* word egter nie geduld nie. Rugby is vir ons 'n besondere opvoedingsterrein. Juis daarom is puik sportmangees sowel as netjies en korrekte kleredrag deel van goeie dissipline wat van elke sportman vereis word. Rugby is nie net 'n sport by Elnatan nie, maar 'n 12-jaar plan van karakterontwikkeling en uitnemendheid.



NETBAL

Ellie-netbal se visie is om elke netbaldogter die geleentheid te bied om haar volle potensiaal deur blootstelling, kompeterende deelname en ontwikkeling te bereik. Dit is om hierdie rede dat ons dogters gereeld afrigtingsklinieke bywoon en ook reeds van o.12 aan die NAPSO en nasionale superliga deelneem.

Dogters word aanmoedig om skeidsregterkursusse by te woon en sodoende 'n kwalifikasie en gradering daarvoor te ontvang. Die afrigters is ervare en woon op 'n gereelde basis afrigters- en skeidsregterskursusse by om op hoogte te bly met die nuutste ontwikkeling, tegnieke en reëls.



HOKKIE

Elnatan het 'n seun- en meisiespan. Die grootste uitdaging, naamlik verbeterde hokkie-fasiliteite word tans in die gesig gestaar. Astro-bane is 'n groot uitgawe, dus gee ons die leerders geleentheid om aan die Fast-5 NAPSO-liga deel te neem vir meer blootstelling op astro-opervlak.



ATLETIEK

By Privaatskool Elnatan poog ons om elke atleet die geleentheid te gee om hul volle potensiaal op die atletiekveld te bereik. Atlete kry die geleentheid om aan verskillende atletiekbyeenkomste binne en buite skoolverband tot op nasionale vlak deel te neem. Die jaarlikse kleurebyeenkoms sorg altyd vir groot opwinding waar leerders hul Ellies-gees kan uitleef en teen mekaar kompeteer.

Die verryking en ontwikkeling van elke atleet is belangrik, daarom word die atlete gereeld die kans gebied om aan afrigtingsklinieke en NAPSO-byeenkomste deel te neem. 'n Verskeidenheid van baan- en veld-items word afgerig. Verskeie atlete kwalifiseer jaarliks om aan die nasionale byeenkoms deel te neem. Ons spog ook jaarliks met atlete wat NAPSO en Namibië in die buiteland verteenwoordig. Besoek gerus ons Facebook-blad om atlete se nuutste prestasies te sien.



SKAAK

Skaak, as 'n strategiespeletjie, is voordelig omdat dit 'n intellektueel stimulerende aktiwiteit is. Dit bevorder kritiese denke, probleemoplossing en analitiese vaardighede wat 'n jong verstand aanmoedig om vooruit te beplan en gevolge te oorweeg. Skaak ontwikkel ook konsentrasie, geduld en dissipline, aangesien spelers hul bewegings versigtig moet beplan. Dit dra by tot die algehele verbetering van geheue en kognitiewe vermoëns wat leerders help om akademies te presteer.

Ons fasiliteer weeklikse aanlyn skaakklasse vanaf graad 1 – 12. Dit word aangebied deur die 8-keer Nasionale Namibiese skaakkampioen, mnr. Charles Eichab. Die skaakklub neem gereeld

aan beskikbare geleenthede deel en het heelwat nasionale skaakspelers asook 'n Afrika-skaakkampioen opgelewer.

Daar word jaarliks nasionaal en by NAPSO-geleenthede deelgeneem, asook die aanlyn NAPSO-skaakkampioenskappe. Elnatan poog om jaarlikse skaakwerkswinkels aan te bied om leerders se skaakvernuif op te skerp.

Behalwe vir akademie, skep skaak ook waardevolle lewensvaardighede soos sportmangees en veerkragtigheid. Dit leer ons leerders hoe om oorwinnings en nederlae grasieus te hanteer. Deur aan hierdie sport deel te neem, het hulle pret en ontwikkel noodsaaklike vaardighede wat hulle regdeur hul lewens sal kan toepas.



BOOGSKIET

Boogskiet bied aan leerders die geleentheid om selfdisipline, konsentrasie en presisie te ontwikkel. Die skool beskik oor die nodige fasiliteite vir beginners sowel as gevorderde skuts. Onder die leiding van bekwame afrigters verfyn leerders weekliks hul skietvaardighede en bou hulle aan hul selfvertroue en akkuraatheid.

Ernstige skuts neem jaarliks aan AGA-kompetisies deel waar hulle teen ander Namibiese skole kompeteer. Leerders neem ook op internasionale vlak aan die AGA Federation African Tournament deel.



KRIEKET

Krieketontwikkeling begin reeds in graad 1, waar leerders die geleentheid kry om hul vaardighede te ontwikkel en 'n liefde vir die sport te kweek. In 2027 beoog die skool om aan alle ligas deel te neem, met besondere klem op deelname in die jonger grade. Só word leerders reeds van jongs af aangemoedig om hul krieketvaardighede te ontwikkel en waardevolle sportervaring op te doen.



JUKSKEI

Die simboliese ossewatrek van 1938 om die Groot Trek-eeufees te vier, het 'n nuwe belangstelling by die Afrikaner in sy kultuurgoodere, waarvan jukskei een was, wakker gemaak. By Privaatskool Elnatan neem die leerders en personeel ywerig aan vriendskaplike byeenkomste, soos Privaatskoolnaweek en sportdae, deel.

Leerders word verskeie geleenthede gebied waar ontwikkeling en kompeterende deelname vereis word. Alhoewel dit nog as 'n klein sportsoort beskryf word, kan daar met sekerheid gesê word dat ons op daardie gebied ook nie terugstaan nie.



PRIVAATAFRIGTING

Leerders met uiteenlopende belangstellings kan ook hul talente en vaardighede in 'n verskeidenheid sportsoorte en aktiwiteite ontwikkel, waaronder tennis, perdry, hengel, uithouritte, moderne dans, stoei, ballet en pilates. Privaatafrigting word op eie koste gereël en sessies moet by die skool se buitemuurse rooster inpas.



KULTUUR

IDIOMESTRYD

Elnatan neem gereeld aan hierdie kompetisie deel wat etlike maande op Woensdae oor Hartklop FM uitgesaai word. Deelnemende leerlinge haal op gereelde grondslag die halfeindstryd, die finaal en het al verskeie kere koning gekraai.



ATKV REDENAARS

Leerlinge word vanuit die Afrikaanse klas aangemoedig om hieraan deel te neem. Die interne kompetisie is baie groot, waarna die weners vir die nasionale kompetisie ingeskryf word. Oor die jare het heelwat van ons laerskool- en hoërskoolleerlinge Namibië in Suid-Afrika in die eindstryd verteenwoordig.



TIENERTONEEL

Daar word gestreef na jaarlikse deelname aan hierdie kompetisie. In die uitsonderlike jare wanneer daar nie 'n toneel is nie, word toneelleerlinge aangemoedig en afgerig om tydens die NAPSO-Kulturfes steeds aan dramatiese media in die vorm van monoloë deel te neem.



EISTEDDFOD

Die interne eisteddfod is op massadeelname en blootstelling gemik. Alle leerlinge van Graad 1 tot 7 is verplig om met voordrag in Afrikaans, Engels en kuns deel te neem. Eksterne beoordelaars gee waardevolle kommentaar sodat die leerling verder kan voorberei vir die NAPSO-Kulturfees later in die jaar.



SKOOLKONSERT

Jaarliks word 'n verskeidenheidskonsert aangebied waaraan alle leerders die geleentheid kry om deel te neem. Groter verhoogproduksies word met tussenposes aangebied.

NAPSO KULTURFEES

In samewerking met die privaatskole vereniging word daar jaarliks 'n landwye kulturfes gehou. Alle vorme – voordrag, monoloë, sang, danse, kos maak en meer – van groeps- en individuele uitlewing van kultuur word so bevorder.

MNR EN MEJ ELNATAN

Alle graad 11-leerders neem deel aan die glansryke kompetisie, wat leerders die geleentheid bied om hul openbare optrede, onderhoudsvaardighede en selfvertroue te ontwikkel. Die wenpaar onderneem om vir 'n jaar lank 'n liefdadigheidsprojek te loods wat 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap lewer..

SKOLE REDAKSIESPAN

In samewerking met 'n plaaslike media maatskappy, word leerlinge opgelei om as joernaliste op te tree. Hulle is behulpsaam met 'n skole uitgawe van die betrokke nuusblad, tree as omroepers tydens skolesportgeleenthede op vir 'n TV-kanaal en as joernaliste en fotografe vir die skool se jaarblad.

WEEKLIKSE LOFPRYSING

Leerlinge kan een maal per week 'n lofprysingsgeleentheid in die saal bywoon. Dit word deur passievolle onderwysers gereël.


LEIERSKAP

By Privaatskool Elnatan is die ontwikkeling van leiers baie belangrik. Elke leerder beskik oor onontginde potensiaal waarvan hul self nog nie bewus is nie en juis daarom word geleenthede geskep waar dié leierspotensiaal ontwikkel kan word.

In graad 6 word daar elke termyn klasleiers gekies. Dit gee elke graad 6-leerder die geleentheid om sy/haar leierskap te ontwikkel.

In graad 11 is daar 'n leierskapkamp waar alle graad 11-leerders opleiding ontvang. Na afloop van die kamp word daar 3 seuns en 3 dogters gekies wat as die leerlingraad van die skool optree. Dit sluit 'n hoofseun en 'n hoofdogter in. By die senior koshuise word daar 4 seuns en 4 dogters as koshuisprefekte verkies wat 'n hoofseun en 'n hoofdogter insluit.

Leiers word by Elnatan deur die leerders self verkies. Toekennings word op die jaarlikse prysuitdelingsgeleentheid aan verdienstelike leiers gemaak om leierskap aan te moedig en te erken.



ALGEMENE INLIGTING

VOORKOMS VAN LEERLINGE

Die volledige beleid oor leerders se voorkoms is op die skool se webblad beskikbaar by www.privaatskool-elnatan.com.

Voornemende ouers word aangemoedig om die beleid deur te lees om kennis te neem van die skool se verwagtinge ten opsigte van leerders se voorkoms en gedrag.

OUERBETROKKENHEID

- Alle funksies word tussen graadgroepe verdeel waar ouers hulp verleen met reëlins, voorbereidings, verkope ensovoorts.
- Gereelde skakeling met die hoof, die adjunkhoof, die departementshoofde en vakonderwysers word sterk aanbeveel.
- Ouerbetrokkenheid by alle buitemuurse aktiwiteite behoort hoë prioriteit te geniet.



NUTSDIENSTE

BUSDIENS

Die skool beskik oor 3 busse wat leerders op uitstappies en na die verskillende sportbyeenkomste, kultuurbedrywighede en ander geleenthede vervoer. Die skool bedryf daaglik 'n busroete na Mariental en weekliks na Windhoek. 'n Bus vir leerders uit die Gobabis-, Leonard- en Aranos-omgewing is ook beskikbaar, maar word deur die ouers self bedryf.



KLEREBANK

Die klerebank beskik oor goeie gehalte nuwe en tweedehandse skool- en sportdrag teen billike pryse.


CARDUCCI

Carducci is Elnatan se snoepwinkel en word deur die skool bedryf. Dit verskaf versnapperings gedurende byeenkomste, pouses en namiddae.

ALUMNI PRESTEER

Elnatan is altyd trots op hul oudleerders hetsy dit akademiese prestasies by tersiêre instansies is of sport en kultuur prestasies op nasionale vlak of oudleerders wat groot hoogtes bereik binne hul werksomgewing.

Meer onlangs het talle oudleerders presteer. Rugby Wêreldbeker spelers Adriaan Booysen, Janry du Toit en Danco Burger, Namibiese veldskiet skuts Gert Martins en Strydom van der Wath, nasionale atleet André Retief, nasionale Jukskeispelers Japie en Ina Dreyer en Tharien Bergh wat as internasionale model opgang maak.



PRIVAATSKOOL ELNATAN

+264 63 260079

kantoor@elnatan.com

www.privaatskool-elnatan.com

Posbus 69, Stampriet

TROTS AFRIKAANS